

## Jy kan jou intelligensie laat groei

**“Ek kan sien dat jy baie hard hieraan gewerk het!”**

**Sê dit, want** dit help jou kinders om te verstaan dat jy hulle pogings waardeer.

**“Dit lyk of dit tyd geword het om ’n nuwe strategie uit te toets.”**

**Sê dit, want** dit stuur die boodskap aan jou kinders dat hulle deur hulle keuses, uitkomst beheer.

**“Ek hou daarvan om te kyk hoe jy dit doen.”**

**Sê dit, want** dit stuur ’n boodskap dat jy die aktiwiteit waarvan hulle hou, goedkeur, ongeag die uitkoms daarvan.

**“Dit was regtig moeilik. Jou poging het vrugte afgewerp! Volgende keer sal jy reg wees vir hierdie soort uitdaging!”**

**Sê dit, want** deur kinders te herinner dat hulle uitdagings oorkom het deur groot pogings aan te wend, word ’n ingesteldheid om te groei gekweek.

**“Dis nie reg nie. Jy verstaan dit nog nie. Watter strategieë kan jy probeer toepas om dit beter te verstaan?”**

**Sê dit, want** dis belangrik om eerlik te wees oor wat jou kind ken en nie ken nie, maar dit dra ook oor dat jy glo in hulle vermoë om te verbeter.

# INGESTELDHEID VIR GROEI

Gids vir ouers



**“Jy het hard daaraan gewerk om ’n goeie skrywer te word. Jy het jouself uitgedaag deur ’n gevorderde klas by te woon en iets geleer wat jy nie voorheen kon doen nie.”**

**Sê dit, want,** deur kinders in die uitdagingsone te plaas, begeester dit hulle om hulle hele lewe deur te leer.

**“Jy het regtig ’n skryfgawe. Jy behoort ’n skeppende skryfklas by te woon omdat jy so goed is daarmee.”**

**Moenie dit sê nie, want** as jy jou kinders net aanmoedig in dit waarmee hulle goed is, sal hulle bang wees om risiko's te waag en nuwe goed te leer.

## Jy kan nie natuurlike vermoëns waarmee jy aangebore is, verbeter nie

**“Jy is so slim!”**

**Moenie dit sê nie, want** dit laat hulle dink dat intelligensie ’n aangebore eienskap is.

**“Als reg. Jy is dalk maar net nie hiervoor aangelê nie!”**

**Moenie dit sê nie, want** dit laat jou kinders dink dat hulle nie die vermoë het om te verbeter nie.

**“Jy is sommer natuurlik aangebore om dit te doen!”**

**Moenie dit sê nie, want** as jou kinders volgende keer misluk of ’n fout begaan, mag hulle dalk dink dat hulle tog nie daardie gawe het nie.

**“Dit was regtig moeilik. Ek's so bly dis oor en jy hoef dit nie weer aan te pak nie.”**

**Moenie dit sê nie, want** daar sal altyd nog uitdagings wees, en kinders behoort te voel dat hulle reg is vir wat op hulle wag.

**“Dis nie reg nie. Gee jy aandag in die klas? Dit lyk of jy nie eers probeer nie.”**

**Moenie dit sê nie, want** die veg-of-vlugreaksie kan jou kind verhoed om hulle beste pogings in die klas aan te wend.